**<u>DIE GRONDBEGINSELS VAN DIE GEREFORMEERDE IDENTITEIT IN TEENSTELLING MET HUIDIGE GEESTESSTROMINGE.</u>**

1.Die verskeidenheid van geestelike strominge wat die Ned. Geref. Kerk tans beïnvloed sou elkeen na sy opsigtelike kenmerke beskryf kon word en só teenoor die grondbeginsels van die Ned. Geref. Kerk gestel kon word. Dit sou dieselfde wees as om 'n studie van elke afgodsdiens se uiterlike kenmerke te maak soos hulle in hulle duisende voorkom in die tyd van die Ou – en Nuwe Testament.

2. Die ander weg sou wees om die grondbeginsels van die huidige geestestrominge teenoor die grondbeginsels van die geloof in en diens aan God in die Skrif aan die orde te stel. Laasgenoemde is die weg van die Skrif. Profete soos Moses, Elia en Jesaja stel alle afgodsdiens in beginsel teenoor die diens aan die Here. Teenoor die diens aan God is die verskillende tussen Baäl-Berit en Baäl-Sebub onbelangrik. Net so is die wettiese vroomheid van die Jode en die afgodsdiens van die Grieke vir Paulus in beginsel dieselfde dwaling in teenstelling met die Evangelie van Christus. (Gal.4:8-11).

In hierdie studiestuk word die grondbeginsels van die geloof en diens aan God volgens die Gerefor-meerde belydenisse teenoor die grondbeginsels van die huidige bygelowe wat die Ned. Geref. Kerk beïnvloed, gestel. Dit is in die oortuiging dat daar nie 'n ander vroomheid naas die geloofslewe van die kerk in sy belydenisskrifte is nie.

3. Die vroomheid van die kerk is die vrug van die evangelie. Dit is 'n vroomheid wat geskep, gevorm en gelei word deur Jesus Christus die Here. Daarom staan hierdie vroomheid in teenstelling tot alle vorme van natuurlike vroomheid. Dit is vroomheidstipes wat gebore word uit die sondige mens se natuurlike hunkering en soeke na God. (Rom.1:19-22)

4. Christus skep 'n totaal nuwe status vir vroomheid deurdat Hy sy kinders beklee met die volle geregtigheid van die wet van God, sonder dat hulle die wet van God kan of hoef te onderhou om hierdie status te ontvang en te beklee: "Maar nou het Hy julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel" (Kol.1:22); "…Ook ons het tot geloof in Christus Jesus gekom en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie". (Gal.2:15). Die volle status van die wet van God: heilig, sonder smet, vrygespreek (geregverdig), toegewy aan God, onskuldig, geliefd, uitverkore, geseënd, e.a. ontvang en besit ons alleen deur geloof in Christus sonder die bekerings, belydenisse, liefde en oorgawes wat die wet van God van ons eis.

5. In die natuurlike vroomheidstipes buite die Evangelie word die status waarin die vroomheid beoefen word óf ontvang óf behou deur 'n goeie morele en sedelike lewe. (Rom.10:1-4).

Hierdie natuurlike vroomheid maak homself binne die kerk tuis deur die grondwaarheid oor die status van die gelowige as regverdig én heilig in Christus, op die volgende wyses te verander:

a.Die mens kan nie sonder die belydenisse, berou, liefde, gebed en oorgawes wat die wet van die Here eis, werklik die regverdigheid en heiligheid in Christus **ontvang** nie. Sonder hierdie sedelikheid sou die Christen nog net in beginsel (potensieel), maar nie werklik regverdig en heilig wees nie.
b. Die mens ontvang sy status as regverdig en heilig alleen deur geloof, maar hy **behou dit** deur deur sy beoefening van gebed, liefde, oorgawe en getuienis.
c.Die mens ontvang die status van regverdig alleen deur geloof, **maar die status van heilig** deur gebed, liefde en toewyding.

6. Christus skep 'n totaal nuwe vroomheid deurdat Hy alle vroomheidsingesteldhede én – ervarings, alleen deur die Evangelie, sonder die wet van God of die algemene openbaring oor God, binne in gelowiges tot stand bring. Hierdie nuwe regeringswyse van Christus oor sy kerk word in die Bybel o.a. die "koninkryk van God" (Luk.7:28-30) en die "beheersing deur die Gees" (Rom.6-8) genoem. "Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie. Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie." (Rom.7:6)

Alle vroomheidsingesteldhede soos die wil om volgens die wet van God te leef, die wil om heilig te

leef, die pogings om God lief te hê, die besluite tot oorgawes, gebed en diens aan die wil van God, word geskep en gevorm, alleen deur Christus en alleen beleef deur die geloof in Christus. "Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, …(Rom.8:10)

Ook alle vroomheidservarings/belewenisse soos die innerlike vryheid van God se oordeel, die sekuriteit van God se liefde, die waardigheid voor God, die dankbaarheid, vreugde, erkentlikheid, lof, eer en aanbidding teenoor God sowel as die innerlike verslaentheid, gebrokenheid, skaamte en berou teenoor God, skep alleen God deur die Evangelie.

Dit ontspring in ons alleen deur ons geloof in die Evangelie. Paulus beskryf hierdie ervarings as "vrug van die Gees" (Gal.5:22) wat alleen deur die geloof in die Evangelie ervaar en beleef kan word, sonder die mens se pogings van liefde en gehoorsaamheid aan die wet. ("Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die Evangelie glo?" (Gal.3:5) en "En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! (Gal.4:6)

7. In alle natuurlike godsdienstigheid word vroomheidsingesteldhede, -ervarings en -belewenisse buite die evangelie gesoek en gevind in a. die goeie sedelike lewe óf b. die mistieke eenwording met die persoon, krag, lewe of wese van God.

Waar hierdie natuurlike vroomheid homself binne die geloofslewe van die kerk laat geld, word die vroomheidsingesteldhede en – ervarings aan die werking van die Evangelie ontsê ter wille van ŉ geestelike volheid wat buite die geloof sou lê op volgende wyses:

a.Die Christen ontvang sy status deur geloof, maar sy innerlike vroomheid kom uit die praktyke van gebed, oorgawe, liefde, diens en bekering volgens die eise van die wet.
b. 'n Mens ontvang alles in beginsel uit genade van God, maar jy kan dit eers begin ervaar en beleef deur jou vroomheidsoefeninge.
c.'n Mens kan in Jesus Christus glo sonder om 'n lewe van toewyding en diens aan God te beleef.
d.'n Mens ontvang eers die status van Christen maar daarna, as 'n tweede ervaring naas die geloof in Christus, moet jy 'n geesvervulde lewe begin leef.
e. Die gawe van die Heilige Gees is nie die genade in Christus nie, maar die vervulling met die krag en lewe van God.
f. Sonder hierdie eenwording met die krag en lewe van God sou Christene se gehoorsaamheid gebrekkig bly.
g. Om Christus se genade te ontvang is alleen maar regverdigmaking sonder heiliging.
h. Die heiliging vind eers na die regverdiging plaas in die ervaring van die eenheid met die krag en lewe van God.
i. Die ervarings van verslaentheid, gebrokenheid, skaamte en berou vind plaas onder die prediking van die oordeel en skuld van die wet waarna die gawes van vreugde, blydskap e.a. deur die geloof ontvang word.

8. Christus skep nie net 'n nuwe vroomheid deur die evangelie se werking in en met ons nie. Die Evangelie skep ook 'n nuwe tipe gebod. Sonder dat die reëls van die wet verander word (Matt.5: 17-20) word die werking van die wet só verander dat daar van twee tipes gebooie nou sprake is: die wet van die Gees teenoor die wet van sonde en dood. (Rom.8:2-4), die ou en nuwe gebod 1 Joh. 2:7 en 8) en die wet van die ou verbond en die wet van die nuwe verbond. (Hebreërs 8:6-13).

Die verskil in die werking van die twee tipes gebooie is dat die ou wet **wetsgehoorsaamheid** eis en die nuwe wet **geloofsgehoorsaamheid** (Rom.1:5). **Geloofsgehoorsaamheid is om die gebooie te ge hoorsaam uit geloof in Christus en alleen ter wille van Christus**. Hierdie nuwe wyse waarop die gebooie van God gehoorsaam word, word in die Nuwe Testament "die navolging van Christus" genoem. (Luk.18:18-30)

Die navolging van Christus beteken dat die gelowige in die wet homself ontdek as iemand wat nooit deur aan God gebind sal wees nie, maar alleen deur die genade van Christus aan God en sy wil verbind is. Deur die wet weer laat soek na die vroomheid wat deur die geloof in Christus in ons gewek word. Hierdie tipe gehoorsaamheid is vir God volkome, al voldoen dit nie aan die eise van die wet nie. Volgens Paulus kan Christene aan hierdie nuwe tipe eise van die wet voldoen. (Rom.8:4)

Volgens die apostel Johannes is hierdie geloofsgehoorsaamheid die nuwe lewe waar sonde nie meer gedoen word nie, al kan ons nie die reëls van die wet nakom nie.(1 Joh.1:10 en 1 Joh.3:9).

Dit is ’n kenmerk van hierdie nuwe gehoorsaamheid dat gelowiges steeds aan die wet se eise ver bind bly as die enigste werklike inhoud van liefde vir God en naaste. Liefde is nooit iets anders as gehoorsaamheid aan die wet van God nie. Terselfdertyd vind die gelowige die status van sy gehoor saamheid as volmaak, nie in die nakoming van die reëls van die wet nie, maar in die waarheid dat gehoorsaamheid ter wille van Christus alleen. “ [3] Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, [4] want enigeen wat ’n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het is deur ons geloof. [5] Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?”

Dit hoort tot die wese van die Gereformeerde vroomheid dat ’n gelowige homself aan die wet van God verbind as die enigste eis en inhoud van liefde tot God en naaste. In die wet vind die gelowige die eie onvermoë tot liefde terwyl hy terselfde tyd die aanvaarbaarheid en volkomenheid van sy gehoorsaamheid aan die wet wat hy nastreef, in Christus vind. Hierdie geloofsstryd om nooit die goeie in jouself te vind, maar altyd in Christus, en om só weer die goeie na te streef, is kenmerkend van die nuwe geloofsgehoorsaamheid. (Rom.7:21-25)

9. In die vroomheidstipes buite die evangelie word die oorwinning oor die kwade gevind in die goedheid van die gebede, verootmoedigings, getuienisse, oorgawes, toewydings en liefdesbetonings.

Waar hierdie natuurlike goedheid van die mens homself binne die kerk staanmaak, word die gehoorsaamheid van die kerk vir ’n alternatiewe vroomheid vernietig op die volgende wyses:

a. Jesus Christus word in sy persoon en heilswerke voorgehou as ’n rolmodel vir ’n alternatiewe gehoorsaamheid: identifikasie met Jesus in sy persoon as Middelaar en sy heilswerk. Soos wat Jesus God is wat mens geword het, soos Jesus Homself in sy kruisiging en sterwe as offer oorgee en Homself verhef uit die dood, só moet die mens Jesus in hierdie dade en lewe navolg deur hierin met Hom een te word. Verskillende vroomheidsprosesse word dan smaak ontwikkel vir hierdie eenwording: Gebedsoefeninge, morele dissiplines, mistieke ervarings of sedelike aksies.
b. Liefde vir God en naaste is iets anders as gehoorsaamheid aan die wet van God. In die ervaring van innige gesindhede en intiem tussenmenslike belewenisse moet ’n alternatiewe vroomheid op die wet van God as die inhoud van liefde gevind word.
c. Die mens moet glo dat hy in God ’n bron van sedelike of mistieke krag kan vind wat kan maak dat hy die eise van die wet volkome kan gehoorsaam.
d. Die mens moet glo dat God sy gehoorsaamheid aanvaar net omdat die mens probeer om God te gehoorsaam.

Al hierdie natuurlike vroomheidssoekes ontvlug die spanning en stryd waarin die Gereformeerde gelowige sy gehoorsaamheid beoefen: om homself innerlike aan eise te verbind wat hy nooit kan nakom, die wet van God, terwyl hy weet dat sy gehoorsaamheid vir God volkome is in Christus.

9. Die Ned. Geref. Kerk sal die eie karakter van Gereformeerde vroomheid: geloofsgehoorsaamheid uit en ter wille van Christus alleen, moet handhaaf teenoor hierdie vervorming van sy geloofslewe deur natuurlike vroomhede wat hulle self in die kerk laat geld.

10. Hierdie alternatiewe grondbeginsels soos uitgewys mag nie deur die kerk opgeneem word deur dualistiese modelle soos: objek-subjek; teoreties-prakties; gevoel-feite; rede-ervaring; linkerlob-Christene- regterlob-Christene óf deur komplimenterende modelle soos net ’n verskil in soorte spiritualiteite wat ewe aanvaarbaar binne die Ned. Geref. Kerk sou wees nie.

11. Hierdie opneem van beginsels uit die natuurlike godsdiens soeke van die mens as sou dit aanvullende wees op die kerk se grondwaarhede oor regvediging en heiliging, wet en evangelie is nie ’n vorm van Christelike verdraagsaamheid nie.

12. Dit is ’n verdraagsaamheid met die sinkretisme van die kerk se vroomheid met ’n wêreldse vroomheid.

**Aanbevelings:**

1. Die Sinode besluit om ’n gespreksgroep byeen te roep om die sake wat in hierdie verslag aan die orde gestel word, in debat te neem met verslag aan die volgende Sinode.
2. Die Sinode besluit dat elkeen wat aan hierdie gespreksgroep deelneem welkom is maar dit op eie onkoste doen, terwyl die verslag op onkoste van die Sinode gedoen sal word.
3. Die Sinode besluit dat alle belangstellendes tydens die Sinode sitting vergader en vier lede as sameroepers vir hierdie gespreksgroep aan wys.